## DIE STRANDING VAN DIE VOLO. 'N BLIK IN DIE AARD VAN MONDELINGE OORLEWERING

Op 31 Maart 1964 het ek in die reeks *Soek in die Verlede* 'n radiopraatjie uitgesaai oor 'n episode wat ek uit die mond van 'n paar inwoners van Boesmansriviermond verneem het gedurende 'n vakansie aldaar die vorige Januarie. Die gegewens was enigsins vaag wat betref die tydstip waarop die voorval plaasgevind het, maar die verhaal as sodanig was treffend sodat ek sonder om verder ondersoek in te stel, dit oorvertel het soos ek dit onthou het. Ek het self ook geen aantekeninge gemaak toe dit aan my vertel is nie. Dus, net soos die oorspronklike vertellers op hulle geheue moes staatmaak, so het ek ook op myne staatgemaak.

Hier volg die verhal presies soos dit uitgesaai is.

„In die onmiddellike omgewing van Kwaahoek, waar die heropgerigte Diazkruis vandag staan, en naby Boesmansriviermond, het waarskynlik êrens in die negentiende eeu 'n skipbreuk plaasgevind wat tans nog in plaaslike oorlewering voortleef.

„Dit was 'n stormagtige dag toe 'n boer in die omgewing, ene Scheepers, die noodseine van 'n skip gehoor het. Ondersoek het aan die lig gebring dat 'n seilskip op die sand geloop het. Dadelik gee Scheepers opdrag dat 'n ossewa met benodighede — voedsel en warm kleding — na die ongelukstoneel gebring word terwyl hy self met 'n paar helpers te perd daarheen is. Hier het hy sonder weifeling met sy perd die branders in gery en na heelwat moeite daarin geslaag om die punt van 'n tou aan boord te kry, waarmee die skipbreukelinge almal veilig die land kon bereik. Dit was 'n daad soortgelyk aan dié van Wolraad Woltemade.

„Na die bemanning gered is en op die strand tot verhaal probeer kom het, het 'n ander inwoner uit die buurt van Boesmansrivier opgedaag en tot die slotsom gekom dat die skipbreukelinge behoefte aan brandewyn het om die inwendige te verwarm. Hy het toe ook die brandewyn gaan haal. Maar die ironie van die geval is, altans so lui die verhaal, dat 'n medalje vir die reddingswerk gegee is aan die man wat die brandewyn gebring het en nie aan Scheepers wat met sy perd die branders ingery het nie."

Twee feite kom in hierdie vertelling duidelik na vore: een is dat die daad ooreenkoms vertoon met die van Wolraad Woltemade (my eie opskrif bo bostaande praatjie was dan ook *'n Tweede Woltemade*) en die ander is dat die medalje aan die man met die brandewyn en nie aan die held van die verhal self gegee is nie. En nou is dit juis hierdie twee feite wat deur oorvertelling van mond tot mond uit verband geruk is.

'n Paar dae na bostaande praatjie uitgesaai is, het ek 'n foonoproep van mnr. Fred L. Scheepers van Potchefstroom ontvang, wat toe in Pretoria gekuier het. Hy het my meegedeel dat hy die seun van bogenoemde Scheepers is en dat hy as sesjarige seun 'n ooggetuie van die gebeurtenis was. Hierna het ek toe 'n onderhoud met hom gehad en

die verhaal uit sy mond opgeteken soos hy dit onthou het. Hy het my ook meegedeel dat hy self, onder die skuilnaam van *Toeskouer*, die gebeurtenis beskryf het in *Die Huisgenoot* van 5 Maart 1943 onder die titel, *'n Vergete Heldedaad.* Uit wat ek van hom opgeteken het, op 23 April 1964, en uit bogenoemde artikel in *Die Huisgenoot,* blyk dit dat die gebeure heeltemal anders verloop het as wat ek ter goedertrou uit mondelinge oorlewering oorgeneem het. 'n Vergelyking van die gegewe kan dien as 'n les dat 'n historikus nie sonder meer mondelinge oorlewering as die waarheid moet aanvaar nie, maar dit gee ook interessante aanduidings van die rigting waarin 'n verhaal neig om te verander.

Hier volg dan die gebeurtenis soos Fred L. Scheepers dit uit sy kinderjare onthou en soos dit waarskynlik dikwels in die familie navertel is. Die datum van die skipbreuk kon hy presies aangee, nl. 6 Maart 1896 — dus nie „waarskynlik êrens in die negentiende eeu" nie, soos ek oorspronklik vermoed het. Volgens die *Huisgenoot*-artikel was dit egter „Maart 1897". Maar die 7 is verander in 'n 6 in die eksemplaar wat mnr. Scheepers my ter hand gestel het. Dit is dus of 'n drukfout, of hy het later vasgestel dat hy die verkeerde jaartal in sy artikel opgegee het. Boesmansriviermond het toe slegs twee huise gehad, maar origens was dit 'n gesogte kampeerplek en vakansie-oord vir die boeregesinne in die omgewing.

„Een nag was dit vreeslik woes en stormagtig sodat die kamperders hulle bokseile stewig en sekuur moes vasbind en hul tentlyne telkens moes stywer trek," so lui die artikel in *Die Huisgenoot.* „So teen tweede hoenderkraai het 'n skip se mishoring tussen die rukwinde van die storm aanhoudend dof en ver geloei." Teen die oggend het die storm bedaar en die son helder opgekom. Net na ontbyt het n' kleurling, Harry, die berig gebring dat 'n skip „net bokant die mond" gestrand het. Natuurlik is almal oor die duine daarheen, ongeveer twee myl ver. Volgens mnr. Fred Scheepers my persoonlik vertel het, was dit ongeveer driekwart myl wes van die mond man die Boesmansrivier. 'n Seilskip het daar agter die branding gelê, vasgespoel op 'n sandbank. Die matrose wat op die maste rondgeklim het, het vir die kinders soos bobbejane gelyk.

Toe hulle op die strand teenoor die skip kom, was daar alreeds iemand aanwesig. Hy was 'n sekere Charles Butt, oud-matroos en visser wat toe gewoon het waar die hotel te Kenton-on-Sea tans staan, 'n man ongeveer vyf en vyftig jaar oud met 'n lang wit baard. Hy het as oud-matroos die noodseine reg interpreteer, het met sy bootjie die rivier oorgesteek, en was gevolglik die eerste op die toneel. Toe die vakansiegangers daar aankom, was Butt besig om met 'n reddingsgordel om sy lyf te probeer om deur die branders die skip te bereik. Hy het hulle meegedeel dat die skip reeds 'n lek gehad het en dat dit net 'n kwessie van tyd was voor dit deur die branders stukkend geslaan sou word. Intussen het die skip ook nader aan die strand oor die sand geskuif. Die opvarendes was duidelik in gevaar. Ten spyte van herhaaldelike pogings, kon Butt egter nie deur die branding kom nie.

Een van die toeskouers was 'n sekere J. A. (Kaal Jan) Scheepers, vader van die verteller, van die plaas Klipfontein, tweede van Boesmansriviermond op pad na Alexandria, wat te perd daar aangekom het. Hy was 'n sterk swemmer, toe 31 jaar oud, gehard deur die lewe van boer en transportryer. Toe Butt kennelik nie daarin slaag om deur die branding te kom nie en die noodseine van die skip al dringender word, het hy sy klere uitgetrek en die see ingeswem, verby Butt, tot waar die skip ongeveer drie honderd treë van die strand gelê het. By die skip het die stroming hom byna meegesleur, maar die matrose het hom 'n leë kis toegewerp




*Stranding van die* Volo *op* 6.3.1896 *by die mond van die Boesmansrivier, K.P. Op die foto verskyn (v.l.n.r.): J. A. (Kaaljan) Scheepers, tien bemanningslede, Chowles (prokureur en afslaer), Jan Krogh, Philipson, F. J. Scheepers, Jaap Potgieter, Koot (Buffel) Scheepers, Martiens (Zuurplaas) Scheepers. Dame en seuntjie onbekend.*

met 'n dun lyn daaraan vas. Hiermee het hy terug geswem land toe. Met die dun lyn is 'n sterker lyn ingevier en daarmee is die matrose een na die ander op land gesleep.

Dit is eers hier waar die perd in die prentjie kom. Kaal Jan Scheepers is nie met sy perd die branders in soos Woltemade van ouds nie, maar wel is die perd gebruik om die opvarendes aan land te sleep, een vir een. Daar was nie genoeg mense om te trek nie en die perd het handig te pas gekom. Hy, die perd, het die passende naam van Tempest gedra.

Scheepers self het nie van sy plaas af gekom nie — en van die wa wat hy volgens oorlewering gestuur het, was daar geen sprake nie — maar hy het net soos die ander aanwesiges met sy gesin vakansie gehou daar by Boesmansriviermond.

Elke matroos, duidelik sigbaar met sy donkerblou pak, het met sy pet gewuif voor hy met die tou die see ingespring het, as teken dat hulle maar kon begin trek. Telkens het so 'n matroos dan onder die branders verdwyn en weer verskyn soos hy nader getrek is. Die negende een is vir dood op die sand uitgesleep. Hy is egter op die sand rondgerol, het later tekens van lewe getoon en ten slotte weer bygekom. Een van hulle was 'n jong seun wat met die gewerskaf sy een pinkie verloor het.

Van die brandewyn vertel die *Huisgenoot*-artikel niks. Maar in die persoonlike onderhoud, het mnr. Fred Scheepers wel daarvan vertel soos hy die verhaal van 'n tante van hom gehoor het. Dit was nl. Charles Butt wat, na die drenkelinge aan wal gebring is, die brandewyn by sy huis gaan haal het om hulle te versterk. Dit is ook Charles Butt wat die medalje gekry het, wat volgens die *Huisgenoot*-artikel hom ook „gedeeltelik toegekom het". Kaal Jan Scheepers het as beskeie man, wat „nooit oor sy heldedaad gepraat het nie", nie die eer te beurt geval nie.

Mnr. Fred Scheepers het in die onderhoud vertel dat hy 'n foto van die medalje gesien het en, volgens hy hom dit herinner, was die inskripsie daarop as volg: „Presented to Charles Butt, J.P., by the Royal Humane Society on 15-5-1896 for having on 6-3-1896 saved twelve shipwrecked sailors from the Norwegian barge *Volo* at Bushman's River, South Africa".

Die skip was, soos hierbo gemeld, die Noorse skip *Volo*, 'n seilskip. Dit het 'n vrag timmerhout aan boord gehad, bestem vir Oos-Londen, wat ten slotte alles uitgespoel het. Die hout het bestaan uit die ou soort vloerplanke, ses duim wyd, en balke van drie by nege duim. Dit is ten slotte by wyse van 'n openbare veiling verkoop en die meeste is na Grahamstad en Port Elizabeth vervoer. Die matrose is ook na Port Elizabeth vanwaar hulle terug is na hulle vaderland. Een, by name Andersen, het egter agtergebly en aldaar 'n visser geword. Bygaande foto is op die strand geneem en die naamplaat op die voorgrond het die kaptein toe aan Kaal Jan Scheepers gegee. Dit is tans in besit van sy seun, bogenoemde mnr. Fred Scheepers.

Daar moet op gewys word dat die verhaal soos ons dit nou het, ook nog maar herinneringe is soos dit later op skrif gestel is en nog later oorvertel is. Aangesien dit egter van 'n ooggetuie afkomstig is, kan dit as 'n baie noukeurige weergawe van die werklikheid aangeneem word as dié van hoor-sê getuienis.

Miskien kan nou uit die bewuste geval algemene gevolgtrekkings gemaak word oor die wyse waarop 'n verhaal deur mondelinge oorlewering neig om te verander. Ons neem aan dat dit nie willens en wetens verander is deur een of ander naverteller nie, maar dat dit oor die jare slegs verander het weens die feilbaarheid van die menslike geheue en daardie tipies menslike neiging om by 'n verhaal iets anekdoties, iets treffends te

soek. In hierdie geval is dit begryplik dat die perd op die toneel laat dink het aan die bekende Woltemade-episode en dat op een of ander stadium die perd net soos dié van Woltemade met sy baas die see ingestuur is. Die feit dat die medalje hoofsaaklik met die brandewyn in verband gebring is, toon weer die menslike neiging om aan 'n verhaal die karakter van 'n anekdote met 'n onverwagte draai aan die einde te gee. In hierdie geval is net die brandewyn en die medalje onthou, terwyl Butt se reddingspoging vergeet is. Dit is moontlik dat die eintlike reddingswerk onder sy aanwysing, as ervare seeman, plaasgevind het. Die feit dat die verhaal voortgeleef het in 'n Afrikaanssprekende gemeenskap en dat Butt juis 'n Engelsman was wat erkenning ontvang het en dat 'n Afrikaner se aandeel in die episode oor die hoof gesien is, het waarskynlik ook tot die verandering van die verhaal bygedra.

Prof. F. J. du T. Spies.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

*Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Sewe-en-Twintigste Jaargang,* 1964, *deel II.* Pp. 395, R5-00, Staatsdrukker, Kaapstad en Pretoria, 1964.

*Inhoud*: *Van Heerden, J. J.*: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek.

*Stander, H.*: Die Verhouding tussen die Boere en Zoeloe tot die dood van Mpande in 1872.

*Hervormde Teologiese Studies,* Jg. 20, Afl. 3 en 4, pp. 50, N.H.W.-Pers, Posbus 171, Krugersdorp.

*Krieger, Arnold*: Man Sonder Volk, pp. 245, R2-20, Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1965.

*Quednau, Werner*: Stryd teen die Onsigbare. Die verhaal van Robert Koch, pp. 164, R2-15, Afrikaanse Pers-Boekhandele, Johannesburg, 1965.